

Psalm 37 (5)

Psalm 37 (5)

Ek gaan dwarsdeur van die *Nuwe Testament en Psalms*. 'n Direkte Vertaling van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (2014) gebruik maak.] Ek gaan 'n paar blogs aan hierdie psalm spandeer.

Billy Graham lees elke maand al 150 psalms. Vir hom het hulle duidelik 'n besondere betekenis. Meeste van ons, ek ingesluit, lees die psalms nie so sistematies nie – ons pik hier en pik daar. Daarom het ek besluit dat ek hierdie jaar 'n bietjie dieper in die psalms wil delf. Ek het veral gebruik gemaak van John Goldingay se drie-volume kommentaar – *Psalms*.

37:27 – 40: Vyfde vergelyking.

²⁷*Bly weg van die kwaad af en doen wat goed is, dan sal jy die land altyd bewoon,*

²⁸*want die Here het die reg lief en sy troue dienaars verlaat Hy nie.*

Hulle sal altyd behoue bly, maar die nageslag van die goddeloses sal uitgeroei word.

Draai weg van die kwaad en doen wat goed is, Doen hulle dit sal hulle die land vir altyd bewoon. Dit is nie tydelik nie, maar vir altyd. Die Here wy Hom daaraan toe en tree met gesag op. Hy tree beslissend op in die wêreld en sit nie onaktief. Hoe beoefen Hy daardie gesag? Trou is die woord om dit mee te beskryf. Hy verlaat nie sy troue dienaars nie – hulle leef in sekerheid.

Hulle sal altyd behoue bly, maar die nageslag van die goddeloses sal uitgeroei word.

²⁹*Die regverdiges sal die land besit en altyd daarin woon.*

Die Here se trou kom nooit tot 'n einde nie. Hy sal hulle nie uitroei nie. Hier is 'n waarskuwing oor die nageslag van die goddeloses. Omdat hulle ouers hulle plek in die land verloor, verloor hulle dit ook. Die regverdiges behou die land

³⁰*Wat die regverdige prewel, is wysheid, wat hy sê, stem ooreen met die reg.*

[Prewel – die Hebreeuse woord verwys na die Joodse gebruik om die Tien Gebooie en ander wette van die Ou Testament gedurig saggies vir hulleself op te sê.]

³⁴*Wag op die Here en hou by sy pad, dan sal Hy jou aansien gee om grond te besit. Jy sal toekyk wanneer goddelose mense uitgeroei word.*

³⁵*Ek het 'n goddelose mens gesien, 'n gewelddadige wat gedy het soos 'n lowerryke inheemse boom*

³⁶*Maar toe iemand weer daar verbygaan, was hy weg, Ja, toe ek hom soek, was hy nêrens te vinde nie.*

³⁷*Let maar op 'n onbesproke mens, kyk maar na 'n opregte – 'n vredeliewende mens het afstammeling;*

³⁸*Maar oortreders word almal saam uitgedelg, die afstammeling van goddelose mense word uitgeroei.*

³⁹*Regverdiges se verlossing kom van die Here – hulle toevlug in*

'n tyd van verdrukking

⁴⁰*Die Here help hulle en bevry hulle,*

Hy bevry hulle van goddelose mense en verlos hulle, want hulle skuil by Hom.

Die digter beklemtoon meeste van die gedagtes wat hy reeds in die eerste vier vergelykings uitgespel het.

37:27 – 33:

³¹*Die openbaring van sy God is in sy hart, sy koers is nie onseker nie.*

Die Here se onderrig is in die hart van die regverdige – nie net op sy lippe nie. Dit is in sy innerlike wese geskrywe. Daarom vorm dit hulle lewe – hulle loop die regte pad,

³²*Die goddelose lê die regverdige voor en soek 'n kans om hom dood te maak,*

³³*maar die Here los hom nie in die mag van die goddelose nie en laat nie toe dat hy veroordeel word as hy voor die regbank staan nie.*

Die goddeloses is 'n bedreiging vir die regverdiges – hulle soek 'n geleentheid om die regverdige skade aan te doen. Weereens verklaar die psalm dat die Here nie die regverdige in die steek sal laat nie. Die regverdige mag voor die hof staan op een of ander vals aantyging – soos Nabot kan hy gedreig word met die verlies van sy land. Maar die Here sal toesien dat die hof in hulle guns beslis.

Hy spoor weer **die gelowige** aan om die kwaad te vermy en te doen wat goed is. Die rede wat hy vantevore gegee het, is nog steeds van krag: *die Here het die reg lief*. Daarom beloon Hy sy *troue dienaars* deur hulle nie te verlaat nie, die land te laat besit. Hy straf egter **die goddelose** deur hulle uit te roei. Hierdie keer voeg hy by dat die regverdige wysheid sal bekom as hy sy woorde sal laat ooreenstem met die reg van God en as hy die openbaring van God in sy hart sal bewaar.

37:34 – 40:

³⁴*Wag op die Here en hou by sy pad, dan sal Hy jou aansien gee om grond te besit. Jy sal toekyk wanneer goddelose mense uitgeroei word.*

Hier is 'n oproep om op die Here te wag. Dit beteken nie jy moet onaktief wees nie, maar die aktiwiteit wat verwag word, is nie om beheer van jou eie bestemming te kry nie. Dit beteken ons moet die Here se weg probeer volg. Dit word deur 'n belofte gevolg: besitting van die land en om te sien hoe die goddelose mense uitgeroei word.

³⁵*Ek het 'n goddelose mens gesien, 'n gewelddadige wat gedy het soos 'n lowerryke inheemse boom*

³⁶*Maar toe iemand weer daar verbygaan, was hy weg, Ja, toe ek hom soek, was hy nêrens te vinde nie.*

Hierdie is 'n herhaling van die sien wat in vers 34 genoem word wat in die verlede plaasgevind het. Dit wat die psalmis in die verlede gesien het is die basis vir wat die lesers sal sien. Onthou ons het hier met magteloses met armes te doen – skurke en skelms wat genadeloos is. Die een wat skynbaar

onaantasbaar was, is weg.

³⁷*Let maar op 'n onbesproke mens, kyk maar na 'n opregte – 'n vredeliewende mens het afstammeling;*

³⁸*Maar oortreders word almal saam uitgedelg, die afstammeling van goddelose mense word uitgeroei.*

Hier sien ons wat met mense met integriteit gebeur – 'n vredeliewende mens. Hierdie persoon soek nie net vrede nie, maar tree ook in vrede op en kom sy verbondsverpligtings na. Teenoor hom staan die man wat moeilikheid soek en sy verpligtings ignoreer. *Die vredeliewende mens het afstammeling* – dit is net 'n ander manier om te sê dat hulle die land sal behou en sekuriteit sal geniet.

In vers 36 sien ons die kontras – uitdelging van die oortreders. Hulle het geen afstammeling nie – geen toekoms nie.

³⁹*Regverdiges se verlossing kom van die Here – hulle toevlug in 'n tyd van verdrukking*

⁴⁰*Die Here help hulle en bevry hulle,*

Hy bevry hulle van goddelose mense en verlos hulle, want hulle skuil by Hom.

Verlossing word versterk deur *hulle toevlug in 'n tyd van verdrukking*. Hulp en redding is ander maniere om van verlossing te praat. Wat moet ons doen om verlos en bevry en gehelp te word? Skuil by die Here.

Die digter roep weer **die regverdiges** op om op die Here te vertrou, eerder as om die goddelose te vrees. Ook in hierdie geval bly die rede wat vroeër gegee is, staan: God red die regverdige uit die mag van die goddelose; Hy laat die regverdige weer *opstaan om die land te besit*; Hy laat **die goddeloses** ondergaan; Hy laat hulle verskrompel soos 'n plant wat geen kos of water kry nie. Daarmee beklemtoon hy: daar is vir die mens wat op God vertrou 'n toekoms, maar *die toekoms van die goddeloses word afgesny*.